
which includes a reproduction of a map issued by the postal authorities in 1899 of the Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR). Interestingly enough the name "Johannesburg" does not appear on this map, although Krugersdorp, Benoni and Springs are marked.

A particularly interesting chapter by K.A. Baker deals with external mails. These include, in addition to the Transvaal, Colesberg and the Orange River Sovereignty (later the Orange Free State), the Transvaal-Natal route and the Transvaal-Cape route. The author describes how mail was carried (in wagons and stage-coaches) and the Cape-Transvaal schedule giving times of dispatch and arrival of mail from Cape Town during the period 1870-1899, when the service was suspended due to the outbreak of the Anglo-Boer War. Following this is a description of the routes to the north, the Pietersburg route and Transvaal mail routes to foreign countries, including Australia and New Zealand, Portugal, India, China and the Far East. Another section deals with the conveyance of mail during the Anglo-Boer War and its aftermath.

In Part 3 (Miscellany) there is an account of the Nieuwe Republiek which came into being in August 1884 and was incorporated into the ZAR as the Vryheid district four years later. The area's postage stamps are described in detail, including the forgeries. There is a chapter which describes the railways of the Transvaal and the various stamps used by the railway authorities. A section of this chapter deals with travelling post offices.

This publication will prove to be of as much interest and value to the historian as to the philatelist.

*DAPHNE SAUL*
*Johannesburg Historical Foundation*




G. VAN DER WAAL-BRAAKSMA en O.J.O. FERREIRA. *Die Noordweste: die stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners*. Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde: Johannesburg, 1986. 170 pp. Geïll. R17,50 (eksklusief). ISBN 0 620 10122 9.

Hierdie publikasie is die resultaat van veldwerk wat van 1970 tot 1974 vir die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in die Noordweste (distrikte Namakwaland, Kenhardt, Carnarvon, Williston, Calvinia en Vanrhynsdorp) gedoen is. Van die hoofstukke is in hulle oorspronklike vorm reeds in 1974 as artikels in die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* gepubliseer. Die doel van die navorsing was om oorblyfsels van die materiële volkskultuur op te teken. So iets was veral nodig omdat kultuurvorme in die Noordweste, wat vir langer as 150 jaar weens isolasie feitlik ongeskonde gebly het, teen 1970 begin verander het. Dit het saamgehang met verwagtinge van grootskaalse ontwikkeling danksy die voorgestelde Sishen-Saldanhaprojek.

Vir die streekhistorikus sal die eerste hoofstuk deur Cobus Ferreira en Louis Changuion oor die streek en sy mense stellig die nuttigste wees. Dit dek die geskiedenis van die bewoners oor die afgelope 500 jaar, die stelsel van grondbesit, ekonomiese aktiwiteite, godsdiens en onderwys. Die beskouing van die koms van die Blanke "as 'n vreedsame proses van verowering" kan egter bevraagteken word, terwyl die skrywers by die hersiening van die werk deurgaans die meer aanvaarbare etniese benamings *Khoikhoi* en *San* kon gebruik het.

In die oorblywende veertien hoofstukke skenk Cobus Ferreira en Gré van der Waal-Braaksma aandag aan die stoflike kultuur van die Blanke wat die Noordweste "kultureel van ander streke in die Republiek onderskei". Temas behels die werf en plaashuis, watervoorsiening, die matjieshuis, byekorf- of korbeelhutte, die trap- of dorsvloer en kafhuis, die perdemeul, bakoond, broodbak, kookskerms, seepkook, interieur van die plaashuis, leer- en velwerk, sweepvleg en die velskoen. Die klem val meestal op beskrywing van hierdie voorwerpe en gebruike eerder as op die funksionering daarvan in breëre kultuurhistoriese perspektief. Verder word die rol van kultuurerfenis en -oordrag van buite nie duidelik onderskei van kultuurskepping binne die streek nie.

Hoewel die blote beskrywing van materiële voorwerpe maklik as oudheidkunde afgemaak kan word, moet in gedagte gehou word dat materiële nalatenskap 'n neweproduk is van die proses van verandering in tyd wat ten opsigte van 'n gemeenskap se lewe in 'n bepaalde geografiese gebied plaasgevind het. 'n Studie wat 'n totale verledebeeld wil skep, behoort dus ook materiële kultuur in te sluit.

Aan sy uiterlike beoordeel, is hierdie publikasie van hoë gehalte hoewel die buiteblad stewiger kon gewees het. Die teks word aangevul met meer as 60 illustrasies, onder meer talle afdrukke van skilderye en sketse deur Erich Mayer. Die waarde van die opskrifstelling van die materiële kultuur van die Noordweste sal waarskynlik eers in die toekoms ten volle besef word — veral omdat min tereggekom het van die grootskaalse streekontwikkeling wat in die vooruitsig gestel is. Want die Noordweste het tot vandag nog in sekere mate sy eiesoortige karakter behou.

*P.H.R. SNYMAN*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*



F.A. VAN JAARSVELD. *Van stamvader Adriaan tot Ernst Jacobus van Jaarsveld, 1702-1986: 'n stukkie familiegeskiedenis van onder.* Die outeur: Pretoria, 1987. 118 pp. Geïll. Prys onvermeld. ISBN 0 620 10813 4.

Soos die bekende prof. Floors van Jaarsveld deur die beskeie subtitel probeer aandui, is hierdie 'n bydrae tot genealogiese navorsing in Suid-Afrika. Hy bestempel sy nuutste publikasie as die produk van 'n "tussentydse taak" wat hy eers na sy aftrede kon deurvoer. Ofskoon nie juis van besondere omvang nie, bevat hierdie werkie 'n stewige stuk familiegeskiedenis waarvan die gelyke nie dikwels gesien word nie.

Wêreldwyd word die genealogie hoofsaaklik beoefen deur 'leke' uit alle samelewings- en beroepsgroepe, mense wat deur 'n belangstelling in die eie verlede ('roots') die moeisame taak aanpak om hul voorgeslagte na te speur. Dit gebeur dikwels dat hulle eers na jarelange soektogte in plekke soos argiewe, akteskantore en kerkhowe, en deur onderhoude of korrespondensie, die legkaart voltooi kry sodat 'n eie stamboom, kwartierstaat of selfs volledige geslagsregister opgestel kan word. Hierdie navorsing bly egter meestal in private besit of raak verlore. Slegs sommige genealogieë word gepubliseer, terwyl enkeles volwaardige, omvattende familiegeskiedenisse is — ingebed in tyd en omgewing — wat sosiaal-ekonomiese en politieke invloede op die lotgevalle van die karakters weerspieël.

Wanneer 'n deurwinterde geskiedkundige soos Van Jaarsveld dus sy hand aan dié eiesoortige geskiedskrywing waag, is dit byna vanselfsprekend dat dit so 'n integrerende studie sal wees. In die geval van hierdie navorsing word die hoop nie beskaam nie want die lyn van geslagsopeenvolging loop deur beskrywinge van nasionale en plaaslike gebeure, telkens met 'n ontleding van die uitwerking daarvan op gesin, familie en enkeling.

Die hand van die historikus is duidelik te bespeur in opskrifte soos "... landbouers onder Jan Kompanjie in die 18de eeu" of "... van gevestigde Malmesbury-landbouers tot nomadiese veeboer-trekboere in Beaufort-Wes...". Dit blyk dus dat die sosiale en streekhistorikus dié familiegeskiedenis met vrug sal kan opneem om vas te stel hoe Van Jaarsveld die interaksie tussen makro- en mikrogeskiedenis hanteer.

Soos die titel aandui, begin die verhaal by die stamvader Adriaan van Jaarsveld en word dit afgesluit met die skrywer se vader, Ernst Jacobus. Laasgenoemde se kinders en kleinkinders word ook kortliks vermeld. Die vertelling word aangevul deur allerlei wetenswaardighede oor byvoorbeeld die stamvader se eiendom, klimaatsomstandighede, natuurrampe, veesiektes en die oorbevolking en herhaalde onderverdeling van grond tussen erfgename wat tot die migrasie van die Afrikaner na die binneland en uiteindelik die stede gelei het.

In die bronneverwysings (pp. 115-118) kan 'n goeie beeld van die aard en omvang van die navorsing gevorm word. Oor die vroeë geslagte berus dit uitsluitlik op argivale bronne. Die uitvoerige verhaal van sy ouers (albei Van Jaarsvelds van geboorte en terselfdertyd kleinneef en -niggie) is weer hoofsaaklik op persoonlike herinneringe gebaseer en miskien onnodig subjektief en sentimenteel aangebied. Dit is egter te begrype aangesien die werk tegelyk 'n familiegeskiedenis én eerbetoon aan die nagedagtenis van sy ouers is. Wanneer hy sy eie (hoofsaaklik akademiese) *curriculum vitae* verstrek, is Van Jaarsveld kort en saaklik. Sy enkele persoonlike prestasies word dikwels met 'n tikkie humor afgewissel.

Die publikasie bevat talle foto's van familielede, plaashuise, grafstene en toepaslike kaarte. Van Jaarsveld wat die boekie self uitgegee het, kan trots wees op die netjiese produk wat op glanspapier gedruk is en met 'n familiewapen op die buiteblad. Enkele geringe punte van kritiek kan aangestip word: op pp.6-7 gebruik die skrywer die woord "kwartierstaat" om die stambome in direkte linie van sy ouers aan te dui, terwyl 'n kwartierstaat eintlik die volledige voorgeslagte aan vaders- en moederskant (dus telkens dié van albei ouers van elke geslag) bevat. In die inleiding verwys Van Jaarsveld na "Heese-Lombard" en bedoel daarmee die Suid-Afrikaanse geslagregisters van J.A. Heese en R.T.J. Lombard (waarvan die eerste deel in Mei 1987 verskyn het). Sulke kriptiese inligting kan verwarrend wees.

Hierdie genealogiewerk behoort die leser — en veral historici — tot besinning te stem oor die volks- en eie verlede. Dit kan trouens as inspirasie dien vir elkeen wat dié stuk onbekende wil verken en aan andere meedeel. Soos die outeur dit stel (p.4): "By 'n kerkhof besef 'n mens dat geskiedenis oor geraamtes onder kopklippe handel ... Die groot wonder is dat die verlede lewe, al sterf die geslagte van agter af."

*E.P. JOOSTE*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*